AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

Administrateur:
BEMARKING

PRETORIA

Akademia is 'n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het tans 'n voltydse pos in Pretoria vir 'n administrateur: Bemarking binne die Studenteburo (in die Bemarking en Kommunikasie-afdeling se bemarkingspan) beskikbaar.

POSDOELSTELLING

Die administrateur: Bemarking fokus op die lewering van 'n professionele diens aan voornemende en huidige studente om algemene navrae (telefonies, e-pos, WhatsApp, in persoon) gerig aan die instelling tydig en effektief te hanteer, asook die uitvoering van ander administratiewe take binne die afdeling.

VERANTWOORDELIKHEDE

- hanteer algemene navrae ontvang via e-pos, telefoon, WhatsApp en in persoon
- verwys navrae na relevante afdelings of kontakpersone
- bywerk en instandhouding van administratiewe stelsels en dokumente
- verskaf tydige en akkurate inligting
- administratiewe ondersteuning (soos reisreëlings, datavaslegging, ontvangs neem van pakkies en dataopvolgwerk) aan die Bemarking en Kommunikasie-afdeling
- skakeling met verskeie afdelings vir samehangende dienslewering en navraehantering
- byhou van en verslagdoening oor navrae ontvang en hanteer

POSVEREISTES

- 'n hoër sertifikaat in administrasie/sekretarieel of ander relevante kwalifikasie
- minimum van twee jaar se ervaring in kliëntediens of administratiewe ondersteuning
- relevante ervaring in 'n hoëronderwysomgewing sal in die ideale kandidaat se guns tel
- moet goeie kennis van die POPI-wetgewing hê

VAARDIGHEDE

- kommunikasievaardighede
- interpersoonlike vaardighede
- tydsbestuur- en prioritiseringsvermoë
- professionele dienslewering
- die vermoë om onafhanklik en binne 'n span te werk
- probleemoplossingsvermoë en inisiatief
- rekenaarvaardig
- deursettingsvermoë en 'n oog vir detail
- goeie administrasie- en beplanningsvaardighede

Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Aansoeke moet voor of op 14 Januarie 2026 ingedien word.
Stuur 'n e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.